



## **NGB Artikel 16**

### **DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD**

**Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het.**

Een van die redes vir teologiese denke as dogmatiek beskryf en nie sistematiese teologie nie, het te make met die vele male wat sistematiese denke breek. Sistematiese denke kan maak dat ernstige struikelblokke ontstaan. Dit is veral die geval in denke rondom die uitverkiesingsleer. Indien die predestinasie konsekwent deurgevoer word in ons denke, is daar geen plek vir die menslike keuse en verantwoordelikheid nie. Tog vind ons beide konsepte duidelik in die Skrif. Die antwoord is nie om uitverkiesing en keuse teen mekaar af te speel nie, dit is ook nie nodig om die twee in 'n groter spekulatiewe geheel te laat opgaan nie. Ons het net geduld en gedissiplineerde denke nodig. Die boom-metafoor kan gebruik word om die benadering te verduidelik:

Die boom van die lewe in die middel van die tuin is die voorwerp van ons ondersoek. Ons as mense is na die sondeval van die tuin uitgesluit en mag net aan die rand van die tuin beweeg, nooit in die tuin ingaan nie. Die uitverkiesingsleer is een so 'n saak. Ons moet wag tot die wederkoms alvorens ons in die koele lafenis van die boom mag rus. In ons beweeg om die boom, kan ons net een perspektief op 'n slag verkry en beskryf. Sekere sake is duidelik en direk sigbaar. Ander sake is op die periferie en kan skaars gesien word. Dan is daar sake wat agter die boom is en geensins gesien kan word nie. Dit maak nie dat daardie sake nie belangrik is of nie bestaan nie. Dit maak net dat daardie sake vanuit 'n sekere perspektief nie in sig is nie. Dit is ook nie moontlik om in dieselfde asem sake vanuit een perspektief te beskryf en daarmee saam die ander perspektief te beskryf nie. Die tuin is te groot en ons moet in ons denke ver beweeg voordat ons die ander perspektief in fokus kan kry. Soms weet ons nie eens wat vanuit die ander perspektief daar is nie, soms weet ons en soms spekuleer ons.

Die uitverkiesingsleer is een so 'n perspektief. Wanneer ons oor die uitverkiesingsleer dink, is daar 'n paar sake wat baie prominent in oënskou kom. Ons moet al hierdie sake met erns bejeën. Daar is ander sake wat totaal buite sig is. Ons moet nie nou ongeduldig raak of probeer ekstrapoleer of spekuleer oor daardie sake nie. Ons aandag kan met ander woorde nie

verskuif na sake soos keuse en menslike verantwoordelikheid nie. Daardie sake is geensins sigbaar vanuit die uitverkiesingsperspektief nie. Dit beteken nie dat daardie aspekte nie bestaan nie en ook nie belangrik is nie. Dit beteken net dat daardie sake nie hier ter sprake kom nie. Om vanuit die uitverkiesingsperspektief na die boom van die lewe te kyk, beteken dat jy net God en God se handeling sal raaksien. Sou ons besluit om vanuit 'n ander perspektief na die boom te kyk, is dit moontlik om na 'n saak soos menslike keuse te kyk. Vanuit daardie perspektief sal die uitverkiesingsleer nie in sig wees nie. Tog moet ons stel dat die uitverkiesingsleer van groter belang is omdat dit oor God en God se eer handel. Calvyn stel tereg dat dit nie moontlik is om alles te weet of te verwoord oor die uitverkiesing en die predestinasie nie. Die een saak wat egter duidelik is, is dat geloof 'n voorwaarde is tot enige nadenke of gesprek oor die saak. Mense kan in kwaadwillige ongeloof poog om die Evangelie groot skade aan te doen. Sonder geloof sal ons nooit kan besef dat God in ryke barmhartigheid ons in Sy groot liefde roep tot saligheid en die ewige lewe. God betaal geen loon nie, skuld niemand iets nie. Enige fokus op die mens, enige klem op die mens of sy verdienste, word uitgesluit deur die wese van die uitverkiesingsleer. Om dit baie duidelik te stel, die uitverkiesingsleer fokus op God en God se regverdige handeling. Die effek van God se handeling het inderdaad 'n impak op die mens. Die uitverkiesingsleer wil egter nie die mens se aansprake en handeling as teenpool tot God se genadige optrede stel en dan die twee in wisselwerking

met mekaar bring nie. AL wat van belang is, is om raak te sien dat God in vryheid optree.

Die mens se nuuskierigheid kan maak dat ons 'n denke-doolhof betree wat geen weg uit het nie (Calvyn III, XXI,2). God se vrye almag is nie daar vir die mens om oor te spekuleer of te filosofeer nie. Die werklikheid is dat filosofiese spekulاسie die mens eerder in die dieptes van verwarring sal laat beland. Daar is net een bron vir ons nadenke oor enige leerstuk, en dit is die Bybel. In die Bybel deel God ons alles mee wat vir ons nuttig is, alles wat Hy aan ons bekend wil maak. Die Bybel bepaal met ander woorde die grense en inhoud van enige leerstuk, ook sover dit die uitverkiesingsleer betref. (Calvyn III, XXI,3) noem die Skrif die skool van die Heilige Gees waar niks oorgeslaan word nie, maar waar alles wat vir ons nodig en nuttig is om te weet, hanteer word. Enige spekulاسie buite hierdie bron om, moet liefers vermy word.

Die menslike nuuskierigheid het in menslike kwaadwilligheid 'n lojale bondgenoot. Mense gebruik in hulle onkunde en spekulاسie die uitverkiesingsleer om God van verskeie onregverdighede te beskuldig. Enige antwoord wat nie net die Skrif in berekening bring nie, gaan op die dwaalspoor van ongeloof beland. So is daar mense wat in gewaande spitsvondigheid God se ewige wil in hulle eie denke reduceer tot 'n onregverdige Goddelike voorkennis. Die ironies-logiese is dat God volgens hierdie benadering slagoffer van menslike keuses gemaak word. Ter verduideliking: Indien Goddelike voorkennis die mens se sondes raaksien

en proaktief daarop reageer, tree God nie in Vrye Wil op nie, en beteken dit dat God slegs reageer op menslike handeling; al is dit toekomstig. Dit impliseer ook dat die uitverkiesing op menslike handeling (toekomstig) gebaseer is.

Dit is belangrik om die konteks van die uitverkiesing reg aan te dui. Een van die belangrike faktore is om te besef dat God in liefde uitverkies. Ons lees van Abraham dat hy uitverkies is omdat God hom liefgehad het (Deuteronomium 4:37 En omdat Hy jou vaders liefgehad en hulle nageslag na hulle uitverkies het, en Hy self jou deur sy grote krag uit Egipte uitgelei het”, Deuteronomium 7:7-8 Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.). Enige beskuldiging van ‘n Goddelike, lukrake, liefdelose keuse van mense, is onskriftuurlik. God se optrede word in Sy liefde begrond, en nie in die mens of sy optrede nie. God tree in eie wil en eie reg op. Dit is nie menseregte of mensewaardigheid wat God motiveer nie.

Ons dank God vir ons saligheid wat uit Sy liefde aan ons geskenk word. Ons is Syne, Sy volk en die skape van Sy weide (Psalm 100:2). God tree volgens Sy verbond op omdat Hy Homself daaraan verbind het, nie omdat die mens een of ander aanspraak het nie. Die wonderbare geskiedenis van God wat

mense roep tot lewe, word telkemale herhaal. Dit gebeur omdat God dit wil. Dit kan nie eens op genetiese vlak aan die mens toegedig word nie. Jakob en Esau het uit dieselfde baarmoeder te voorskyn gekom. Een is in die heilsgeskiedenis opgeskryf, die ander het sy identiteit vir lensiesop verkoop. Ons kan God se geheimenis nie werklik verstaan nie. Ons weet dat ons beslis nie ‘n aandeel het in ons erfporie nie, en tog weet ons dat ons dit ontvang het en dat ander nie dieselfde kan sê nie (Psalm 147:20: “So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja! “) God se louter mildadigheid impliseer nie dat alle mense mag aandrang op gelyke aandeel in Sy genade nie. Dan sou dit verdienste wees en nie genade nie.

Dit kan kwalik oorbeklemtoon word dat die uitverkiesing se klem val op die vrye genade van die Here. Al word Israel die uitverkore volk genoem, is dit nie vanselfsprekend dat alle Israeliete gered is nie. Dit is ook al duidelik aangetoon. Net so kan ons nie stel dat die nuwe Israel (die kerk) die uitverkorenes van God is nie. Dit bly ten diepste ‘n saak wat in persoonlike kontak met God bevestig word.

Die uitverkiesingsleer word in die bestaan van Christus weerspieël. Jesus is die Seun van God, nie omdat Hy dit verdien nie, maar omdat God gekies het om in Christus mens te word. Net so het God gekies om in Christus die mensdom te verlos (Efesiërs 1:4 “soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,”). Wie dan vra na die rede vir die verskil tussen homself en Christus, stel

Augustinus, is dwaas en het geen geloof nie. Dit is die dwaas wat dink dat hy genade waardig moet wees, wat dink dat Jesus Sy seunskap verdien het, wat dink daar is net 'n graadverskil tussen menslike waardigheid en Christus se liefdes-opoffering (Kolossense 1:12 "en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig").

Dit is nodig om die hiperbool in taalgebruik raak te sien. Die verwysings na "voor die grondlegging" en "ewige verkiesing" is terme wat gebruik word om enige menslike aanspraak op waardigheid of prestasie teen te werk. Vanuit die perspektief waarmee ons huidiglik na die saak kyk, is dit God en God alleen wat handel (Efesiërs 1:5-6 "deurdadig Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehag van sy wil, tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde"). (Romeine 9:11 "Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep.")

Aan die een kant loop gelowiges die gevaar om hoogmoedig te raak indien hulle oortuig is dat hulle uitverkies is. Dit is dwaas, mense word in genade verkies, nie uit verdienste nie. Aan die ander kant kan mense in diepe vertwyfeling raak indien hulle nie hulself by die uitverkorenes durf reken nie. Dit is net so dwaas omdat sodanige twyfelaars een oog op hulself hou en met die ander in wantroue na God loer. Uitverkiesing styg uit bo die sedelike sfeer, ongeag

van hoe ons die saak benader. Ons etiek- of gebrek aan etiek- het met ander woorde geen impak op die uitverkiesing nie. Ons sekerheid aan God se genade vind ons in die Woord van God, omdat God getrou is. Dit beteken nie dat God die gevangene van Sy eie dekrete is nie, dit wys net op God wat getrou is.

Die uitverkiesing kom nie as afsonderlike tema in die Bybel na vore nie. Verkiesing word genoem saam met temas soos genade en wonderwerke. 'n Wonder kan nie verklaar word nie, kan net oor gewonder word. Net soos genade, is dit met ander woorde 'n geheimenis wat nie ten volle geken of verklaar kan word nie. Dit is inderdaad genade om genade te ontvang.

Die verkiesing is ook nie willekeurig nie. Ons word in Christus verkies. God se genade, God se uitverkiesing bereik ons in Jesus Christus. Hy is tegelyk uitverkore mens en verwerpte mens. Hy is die "geliefde Seun" van God se welbehag (Matteus 3:17, 17:5), en Hy is die verworpeling aan die kruis, "My God, my God, waarom het U my verlaat? (Matteus 27:46)." Uitverkiesing is Christologies gegrond.

Dit beteken nie dat ons los van die konteks van die kruis van verwerping mag praat nie. God het Hom wat dit nie verdien het nie, verwerp. Die uitverkiesing is altyd positief te verstane. Alle mense is sondaars en verdien die dood, intendeel die mens is op pad na die dood. God se uitverkiesing roep mense van die dood na die lewe. Hy verwerp met ander woorde geen mens nie. Die mense wat gered is, is gered op grond van God se genade. Die mense wat die verderf ingaan, staan onder God se geregtigheid. Hulle word nie verwerp

nie, hulle ontvang net dit wat die logiese is van 'n bestaan buite Christus.

Die uitverkiesingsleer is volgens van Niftrik die stimulus tot die kerk se apostolaat. Daar is genoeg Skrifbewyse om aan te dui dat mense geroep en verkies is om getuies te wees. In Abraham sal al die volke van die wêreld geseën word. God se uitverkorene sal reg aan die wêreld bring: Jesaja 42:1 "Daar is my Knecht wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehag het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring.'

Die uitverkiesingsleer vertel van God wat 'n ontelbaar grote skare mense sonder enige verdienste red. Hierdie mense word geroep om as getuies op te tree. Die sombere waarheid is dat die totale mensdom sondig is en sonder hierdie genade van God verlore sal gaan. Die antwoord op Paulus se anskryf (Romeine 7:24 "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"), is God se genade

Ons moet daarteen waak om hierdie uitverkiesing in 'n filosofiese sisteem te probeer verklaar. Daar is diegene wat God se uitverkiesing teen die agtergrond van 'n filosofiese verwysingsraamwerk oor "voorkennis" wil verklaar. Ons ken nie God se verhouding met tyd nie. Bybels gesproke maak hierdie filosofiegedrewe poging nie sin nie, omdat voorkennis tog menslike handeling impliseer. God se uitverkiesing is in Sy liefde gegrond, nie in iets wat ons in hierdie skepping gaan terugvind nie. Charles Spurgeon het by geleentheid gestel (vry vertaal) "Ek glo in die uitverkiesingsleer, want ek is seker dat as God my nie gekies het nie, ek Hom nie sou gekies het nie. En ek is seker dat

ek voor geboorte reeds gekies is, want God sou my nie na die tyd gekies het nie." Dit is duidelik dat hy self steeds 'n sekere idee oor tyd gehad het, en dat hy dit op God van toepassing gemaak het. Tog is dit duidelik dat hy besef het dat die mens niks kan bied vir sy saligheid nie. Teen hierdie agtergrond sekere inhoudelike opmerkings oor artikel 16 van die NGB: Soos gebruikelik is die NGB-tekste in vetdruk.

### **DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD**

Die NGB se opstellers het met 'n sekere tydverstaan gewerk en daarmee saam 'n Godsbegrip waar God in 'n besondere verhouding met tyd staan. Ons sou die opskrif kon verander na iets soos die uitverkiesing as God se eie keuse buite tyd en menslike prestasie om. Ons moet met ander woorde nie die woord "ewige" vanuit ons perspektief oor tyd probeer verklaar nie.

**Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig.**

Dit is duidelik uit hierdie bewoording dat die vader die soewereiniteit van God hoog aangeslaan het. Die sondeval het God nie verander nie, die sondeval het net die geleentheid daartoe geskep dat 'n ander dimensie van God se wese na vore gekom het. Die sondeval het met ander woorde nie God gedwing om Sy barmhartigheid te toon nie, God het in liefde gekies om dit te betoon.

**God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos;**

God se barmhartigheid geskied in Jesus, deur wie Hy ons uit die verderf verlos. Die mens het niks met hierdie redding te make nie, die mens is net dankbare ontvanger van hierdie barmhartigheid.

**God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here.**

God se redding is nie iets wat aan wispelturigheid onderworpe is nie, Die verwysing na God se ewige raad beklemtoon die feit dat hierdie redding vasstaan en dat die uitdeel en die rede vir hierdie barmhartigheid net in God teruggevind kan word.

**God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.**

God se genade is geen algemene genade wat voor die voet aan alle mense uitgedeel word nie. Diegene wat nie verkies is nie, ontvang hul verdiende loon. Dit sou juis onregverdig wees; indien mense nie ontvang wat hulle verdien nie. Dit beteken nie dat die mense wat gered is, op regverdigheid kan aanspraak maak nie. Hulle is die bevoorreedes in God se genade. Anders gestel, teenoor regverdig, staan daar nie onregverdig nie. God se barmhartigheid staan ook nie teenoor Sy regverdigheid nie. Sy genade ondervang Sy regverdigheid in Christus.